

16 Januarie

**Skrifgedeelte: Sefanja 3:8-20 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Sefanja 3:9-12**

### **God skep vir Hom 'n gereinigde volk**

Waarheen is die wêreld op pad? Dít is dikwels die versugting van die mens. Onthou dat God reeds met sy oordeel besig is. Sy doel is om vir Hom 'n gereinigde volk te skep. So ernstig is God oor die sonde, dat Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom oorgelewer het. Uit die nasies skep Hy vir Hom uit verskillende lande, tale en kulture 'n volk – daarom die meervoud: volke.

Hierdie nuwe volk word gereinig deur die bloed van Christus. Hulle word geken aan gereinigde lippe. Dit beteken:

- dat ons God sal aanroep (vers 9) om Hom erkenning te gee vir sy grootheid, geregtigheid en genade. Deur God aan te roep neem ons ons toevlug tot Hom;
- dat ons God met 'n “eenparige skouer” dien (vers 9) – skouer aan skouer in eensgesindheid;
- dat ons God met al ons besittings vereer (vers 10). Ons is so beïndruk deur God se genade dat Hy ons deel maak van sy volk, dat ons Hom met die beste wat ons het daarvoor dank;
- dat ons nederig sal lewe (vers 11 & 12). In alles wat verkeerd mag loop hoef ons nie met mag en geweld te reageer nie. Ons krag lê in ons afhanklikheid van die Here. Hy sal die verdruktes red en hulle tot lof en roem bring;
- dat ons eerlik sal wees (vers 13). Ons hoef nie voor te gee nie. Ons hoef nie meer onself te handhaaf nie. Ons mag in Christus, die Waarheid, lewe.

Ons weet miskien nie waarheen die wêreld op pad is nie, maar ons weet waarheen God met ons op pad is.

*Sing: Psalm 68:9*

*Ds CA Jansen (Welkom-Noord)*